



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V2**

**FEBRUARIE/MAART 2015**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.**

**BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAkke	HISTORIESE VAARDIGHEDe	GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE
<b>VLAk 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek inligting uit bronne</li> <li>• Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne</li> <li>• Definieer historiese begrippe/terme</li> </ul>	<b>30% (15)</b>
<b>VLAk 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretasie van bewyse uit bronne</li> <li>• Verduidelik inligting verkry uit bronne</li> <li>• Analiseer bewyse uit bronne</li> </ul>	<b>40% (20)</b>
<b>VLAk 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne</li> <li>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings</li> </ul>	<b>30% (15)</b>

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## **OPSTELVRAE**

### **2.1 Die opstelvrae eis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaar voeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### **2.2 Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### **2.3 Globale assessering van 'n opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

### **2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie

**Λ**

- Verkeerde stelling \_\_\_\_\_

- Irrelevante stelling |  
|  
|

- Herhaling **R**

- Analise **A**√

- Interpretasie 1√

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

C	VLAK 4	



- (b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

C	VLAK 4	
P	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

C	VLAK 4	} 26–27
P	VLAK 3	

**Globale Assessering van Opstelle: Totale Punte: 50**

	<b>VLAK 7</b>	<b>VLAK 6</b>	<b>VLAK 5</b>	<b>VLAK 4</b>	<b>VLAK 3</b>	<b>VLAK 2</b>	<b>VLAK 1</b>
<b>AANBIEDING</b>   <b>INHOUD</b> 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde, oorspronklike en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking is bereik uit bewyse gebruik om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te verkry om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking verkry uit bewyse om die argumentslyn te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik tot 'n sekere mate om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van getuienis.	Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argumentslyn vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie.	Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te bereik nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
<b>VLAK 7</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudkeuse ten volle relevant tot die argument wat gevolg is.	<b>47–50</b>	<b>43–46</b>					
<b>VLAK 6</b> Vraag is beantwoord. Inhoudkeuse relevant tot die argument wat gevolg is.	<b>43–46</b>	<b>40–42</b>	<b>38–39</b>				
<b>VLAK 5</b> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant.	<b>38–39</b>	<b>36–37</b>	<b>34–35</b>	<b>30–33</b>	<b>28–29</b>		
<b>VLAK 4</b> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudkeuse.			<b>30–33</b>	<b>28–29</b>	<b>26–27</b>		
<b>VLAK 3</b> Inhoudkeuse hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				<b>26–27</b>	<b>24–25</b>	<b>20–23</b>	
<b>VLAK 2</b> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal					<b>20–23</b>	<b>18–19</b>	<b>14–17</b>
<b>VLAK 1</b> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud						<b>14–17</b>	<b>0–13</b>

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE****VRAAG 1: HOE HET DIE STIGTING VAN die SUID-AFRIKAANSE STUDENTE-ORGANISASIE (SASO) DIE APARTHEIDSREGIME SE BELEID VAN BANTOE-ONDERWYS IN DIE 1970'S UITGEDAAG?**

- 1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*
- Hulle was gefrustreerd met die verslegtende omstandighede
  - NUSAS het hoofsaaklik vir wit Suid-Afrikaanse studente bedien  
(enige 1 x 1) (1)
- 1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Swart Suid-Afrikaners moet hul eie organisasies stig
  - Swart Suid-Afrikaners moet begin om onafhanklik van wit Suid-Afrikaners op te tree
  - Swart Suid-Afrikaners moet meesters van hul eie noodlot wees
  - Enige ander relevante antwoord (3 x 1) (3)
- 1.1.3 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 1A – V1]*
- 'n Filosofie waarvan Steve Biko 'n voorstander was sodat swart Suid-Afrikaners ontslae kan raak van hul minderwaardigheid kompleks
  - 'n Ideologie wat die idees van selfstandigheid, selfhandhawing, sielkundige vryheid en swart trots propageer
  - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A - V2]*
- Biko glo dat die minderwaardigheidskompleks onder swart Suid-Afrikaners veroorsaak was deur die sielkundige gevolge van apartheid
  - Biko glo dat hierdie sielkundige kettings hulle gevange hou
  - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)
- 1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B - V2]*
- SASO was gestig om hoofsaaklik swart Suid-Afrikaanse studente op te hef
  - SASO verwerp die leierskap van NUSAS (wit lam)
  - Wou hul eie studente organisasie hê
  - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.2 *[Verduideliking en interpretasie van bewyse uit Bron 1B - V2]*

- SASO het argumenteer dat wit Suid-Afrikaanse studente nie toestande van swart Suid-Afrikaanse studente verstaan nie
- SASO het geglo dat wit Suid-Afrikaanse studente voordeel trek uit apartheid
- Dit glo dat NUSAS nie werklik die belange van swart Suid-Afrikaanse studente verteenwoordig nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.3 *[Vergelyking en interpretasie van bewyse uit Bronne 1A en 1B – V3]*

- Bron 1A wys dat swart Suid-Afrikaanse studente voel dat NUSAS nie hul belange bedien nie en hulle moes hul eie organisasie stig en Bron B bevestig die stigting van SASO
- In Bron 1A moedig Biko swart Suid-Afrikaanse studente aan om onafhanklik te wees en Bron 1B demonstreer dat swart Suid-Afrikaanse studente nie hulp van wit Suid-Afrikaners wou aanvaar nie
- In Bron 1A beklemtoon Biko die noodigheid vir swart Suid-Afrikaanse studente om hul vry te maak van wit oorheersing en Bron 1B wys hoe swart Suid-Afrikaanse studente hulself vrymaak van wit invloed
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C - V1]*

- 'n Uitgebreide opleiding program vir jeug leierskap is onderneem om die behoeftes van hoër skool en township baseerde jeug klubs in alle provinsies van Suid-Afrika aan te spreek.
- Teen vroeg 1972 het SASO takke wat in bestaan was vir studente in hoër skole bedien of was in verafgeleë plekke soos Umtata gestig. (2 x 1) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C - V1]*

- Umtata
- Kimberley
- Port Elizabeth
- Pietermaritzburg
- Pretoria
- Springs
- Bloemfontein (enige 4 x 1) (4)

1.4.3 *[Verduideliking en interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Swart kinders/jeug verwerf kritiese, analitiese vaardighede en leer oor die politieke omstandighede in ander dele van die vaste land
- Swart kinders/jeug verwerf debat vaardighede omtrent gebeure in Suid-Afrika
- Swart kinders/jeug het bewus geword van die swak gehalte onderwys wat hulle ontvang het
- Die skole het swart kinders/jeug bemagtig om Bantoe-onderwys te weerstaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Amos Masondo
- Mathe Diseko
- Itumeleng Mosala
- Khehla Mthembu
- Cyril Ramaphosa (enige 2 x 1) (2)

1.5 1.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D - V2]*

- Om hul ontevredenheid te wys met die verpligte gebruik van die Afrikaanse taal
- Om te wys dat Afrikaans assosieer was met Bantoe-onderwys/apartheid
- Om te beklemtoon dat Afrikaans swart Suid-Afrikaanse kinders se vordering in onderwys vertraag
- Om te wys dat Afrikaans beskou was as die taal van die onderdrukker
- Om uiting te gee aan ontevredenheid met Bantoe-onderwys
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.2 *[Skakel met Bron 1D om beperkinge vas te stel – V3]*

- Die bron wys net die positiewe sy van die optog
- Die visuele bron wys nie die woede/frustrasie van die jeug nie
- Ander plakkate in die bron is nie sigbaar nie
- Dit wys nie die gebruik van geweld van die apartheid polisie nie- daarom verskaf dit nie 'n algehele beeld van hoe die gebeure op 16 Junie 1976 ontvou het nie
- Die foto kon verander gewees het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)



1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit die relevante Bronne - V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Stigting van SASO (Bron 1A)
- SASO boesem selfvertroue en aanmatigend onder die studente in (Bron 1A)
- SASO verwerp die matige benadering van NUSAS (Bron 1B)
- SASO boesem selfstandigheid onder swart Suid-Afrikaanse studente in die programme van SASO was deur die leiers van die organisasie bestuur (Bron 1C)
- SASO het programme ingestel om die denke van swart Suid-Afrikaanse studente te bemagtig – sielkundige stryd (Bron 1C)
- Die programme van SASO het studente in staat gestel om politieke bewustheid te verwerf om Bantoe-onderwys uit te daag (Bron 1C)
- SASO beïnvloed swart Suid-Afrikaanse studente om die voortou te neem - onderneem protes optogte teen Bantoe-onderwys (Bron 1D)
- Die Soweto opstand was deels toe te skryf aan die idees wat deur SASO propageer was (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. <b>toon geen of min begrip van hoe SASO die apartheid regime se beleid van Bantoe-onderwys in die 1970's uitgedaag het nie</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>PUNTE: 0–2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou 'n groot mate verband met die onderwerp bv. <b>toon begrip van hoe SASO die apartheid regime se beleid van Bantoe-onderwys in die 1970's uitgedaag het</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.</li> </ul>	<b>PUNTE: 3–5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>toon 'n deeglike begrip van hoe SASO die apartheid regime se beleid van Bantoe-onderwys in die 1970's uitgedaag het</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>PUNTE: 6–8</b>

(8)  
**[50]**

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKANERS GEHELP OM DIE VERLEDE TE HANTEER?**

- 2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Om growwe mense regte skending te ondersoek
  - Om rekonsiliasie aan te moedig
  - Om eenheid aan te moedig (enige 1 x 1) (1)
- 2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Tussen Maart 1960 en 10 Mei 1994
  - Tussen die Sharpeville-slagting en die inhuldiging van Nelson Mandela as Suid-Afrika se eerste demokratiese President (enige 1 x 1) (1)
- 2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Menseregteskendingskomitee
  - Amnestie Komitee
  - Herstel en Rehabilitasie Komitee (enige 2 x 1) (2)
- 2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Dit was nie deel van mense regte skending nie soos gedefinieer deur die WVK Wet
  - Apartheid wette het onregte van apartheid wettig gemaak
  - Dit was weggelaat omdat dit meer twis kon veroorsaak het
  - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Moord
  - Ontvoering
  - Martel (3 x 1) (3)
- 2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Stilswye sou nie die onregverdighede van die verlede aanspreek nie
  - Suid-Afrikaners moes die waarheid oor die verlede hoor
  - Die waarheid sou mense vrymaak en die weg baan vir rekonsiliasie
  - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 2B – V1]*

- Rekonsiliasie bereik 'n kompromis tussen twee strydende partye
- Wanneer mense 'n alledaagse begrip verwerf en vergifnis soek
- 'n Poging om beide slagoffers en oortreders die waarheid te laat praat, om vergifnis te vra en aan te beweeg
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]***Kandidate moet aandui of hulle SAAM STEM of NIE SAAM STEM NIE en hul antwoord met relevante bewyse staaf****STEM SAAM**

- Die WVK het slagoffers en oortreders aangemoedig om met mekaar te praat
- Die WVK het mense aangemoedig om die waarheid te praat
- Die WVK het mense aangemoedig om hul stories van die verlede te vertel
- Die WVK het geglo dat die waarheid die weg sal baan vir rekonsiliasie
- Enige ander relevante antwoord

**OF****STEM NIE SAAM NIE**

- Die WVK was nie in staat om al die slagoffers te oorreed om met die oortreders te praat nie
- Die WVK het nie beheer gehad oor die waarheid wat nie deur almal vertel was nie
- Die WVK het nie al die stories aangehoor nie omdat al die stories nie vertel was nie
- Rekonsiliasie is nog 'n ontwikkelingsgang werk as gevolg van ons verdeelde verlede
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (2)

- 2.3      2.3.1      *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Oortreders aangemoedig om introspeksie te doen
  - Wys berou vir misdade wat gepleeg was
  - Vergifnis na te streef
  - Genees die wonde van die verlede (enige 3 x 1) (3)
- 2.3.2      *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Hy wou bekend maak hoe hy gemartel was en die metodes wat deur die apartheidsagente gebruik was
  - Om te wys wat Jeffrey Benzien en ander apartheid agente tot in staat was
  - Bekend maak van die karakter van Jeffrey Benzien en ander apartheid agente
  - Om brutaliteit te wys van hoe die apartheid regering swart Suid-Afrikane gedurende daardie tyd behandel het
  - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 2.3.3      *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit het om ontmasker en die bose aard van sy dade
  - Hy het skaam gevoel oor wat hy gedoen het
  - Dit beklemtoon die denkrigting van die veiligheidsagente gedurende daardie tyd
  - Dit demonstreer die geweld en brutaliteit wat die apartheid regeringsagente teen bevryding vegters/aktiviste gebruik het
  - Hulle het nie gekroom om anti-apartheidsaktiviste te vermoor nie
  - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 2.4      *[Vergelyk die plakkaat in Bron 2B en die visuele Bron 2C – V3]*
- Plakkaat: Maak die misdade bekend wat gepleeg was  
Visuele Bron: Demonstreer 'n voorbeeld van die misdade wat gepleeg was
  - Plakkaat: Noem die brutale misdade wat gepleeg was  
Visuele Bron: Demonstreer die brutaliteit wat die apartheid veiligheids-agente teen aktiviste gebruik het
  - Plakkaat: Moedig mense aan om hul stilswye te verbreek rakende die optrede van die apartheid regering  
Visuele Bron: Demonstreer hoe mense gelyk het as gevolg van die optrede van die apartheid regering. (enige 2 x 2) (4)

- 2.5      2.5.1      *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- Kompensasie (beloning)
  - Geldelike ondersteuning
  - Beurse vir skoolgaande kinders
  - Beter behuising
- (enige 2 x 1)      (2)
- 2.5.2      *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Menige wit Suid-Afrikaners was in 'n negatiewe lig beskou
  - Wit Suid-Afrikaners was gebrandmerk as die oortreders van apartheid
  - Die slagoffers van die WVK verkry meer simpatie gedurende hierdie tyd
  - Wit Suid-Afrikaners ondervind 'n skuld sindroom as gevolg van die misdade van apartheid
  - Enige ander relevante antwoord
- (enige 2 x 2)      (4)
- 2.5.3      *[Determineer die beperkinge van statistiek in Bron 2D – V3]*
- Die siening is in die guns van 'n besondere groep Suid-Afrikaners
  - Benadeelde groepe word nie genome nie
  - Die opinie van almal wat gruweldade ervaar het word nie in ag geneem nie
  - Ander sienings word nie aangebied nie
  - Enige ander relevante antwoord
- (enige 2 x 2)      (4)
- 2.6      *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit die relevante Bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

### **Suksesvol**

- Dit het menseregte skending ondersoek wat polities motiveer was (Bron 2A)
- Oortreders aangemoedig om hul stories te vertel (Bron 2B)
- Hulle kon berou toon en vergifnis soek (Bron 2C – geskrewe)
- Gee afsluiting aan slagoffers, oorlewendes en hul families (eie kennis)
- Bevorder rekonsiliasie (Bron 2B)
- Moedig eenheid onder alle Suid-Afrikaners aan (eie kennis)
- Terapeuties vir beide slagoffers en oortreders (Bron 2C)
- Openbare erkenning van slagoffers wat gelei het (eie kennis)
- Bekendmaking van die waarheid omtrent die afskuwelike misdade wat die apartheid regime gepleeg het (Bron 2B)
- Enige ander relevante antwoord.

**OF**

**Nie suksesvol nie**

- Nie al die oortreders het hul stories vertel nie (eie kennis)
- Nie al die slagoffers het afsluiting gekry nie (eie kennis)
- Slegs sommige van die misdade was genoem (Bron 2B)
- Die WVK het wonde van die verlede in sekere gevalle oop gemaak (Bron 2C)
- Amnestie was toegestaan (Bron 2D)
- Dit was beskou as 'n heksejag (eie kennis)
- Menige was ten gunste van wraak regspleging in stede van herstellende regspleging
- Almal het nie vergoeding ontvang nie (eie kennis)
- Menige verkies om stil te bly (eie kennis)
- Wetlike onregverdigheede van apartheid was nie aangespreek nie (Bron 2A)
- Het nie onregverdigheede en die menseregte skending wat in die verlede gepleeg is reggestel nie (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. <b>toon geen of min begrip van hoe suksesvol die WVK was om Suid-Afrika te help om die verlede te hanteer</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>PUNTE: 0–2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou 'n groot mate verband met die onderwerp bv. <b>toon begrip van hoe suksesvol die WVK was om Suid-Afrika te help om die verlede te hanteer</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.</li> </ul>	<b>PUNTE: 3–5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>toon 'n deeglike begrip van hoe suksesvol die WVK was om Suid-Afrika te help om die verlede te hanteer</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>PUNTE: 6–8</b>

(8)  
[50]

**VRAAG 3: HOE HET DIE IMPLEMENTERING VAN EKONOMIESE BELEIDE SUID-AFRIKA NA 1996 BEÏNVLOED?**

- 3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Neomerkantilis-globalisering (1 x 1) (1)
- 3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Die Internasionale Finansiële Instellings wou sosiale verandering beïnvloed
  - Die Internasionale Finansiële Instellings wou ekonomiese verandering beïnvloed
  - Die Internasionale Finansiële Instellings wou wins verseker vir internasionale kapitaal (enige 1 x 2) (2)
- 3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Wêreldbank
  - Internasionale Monetêre Fonds (enige 2 x 1) (2)
- 3.1.4 *[Definisie van 'n konsep in Bron 3A – V1]*
- Globalisering verwys na die beweging van mense, informasie, kapitaal, goedere en dienste rondom die wêreld
  - Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
- 3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Om die ekonomiese en sosiale ongelykhede wat deur die apartheid regime veroorsaak het te herstel
  - Om die gemeenskap te herstruktureer
  - Om rykdom te herversprei
  - Om ongeveer 300 000 huise per jaar te bou
  - Om toegang tot skoon water, sanitasie en elektrisiteit te verskaf
  - Om gesondheid, onderwys en welsyn dienste te verbeter
  - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 3.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 ]*
- Die oogmerke van die HOP was nie realisties nie
  - Die regering het nie genoeg geld om die HOP te befonds nie
  - Die HOP was vervang met GEAR wat op vrye mark kapitalisme gebaseer was
  - Die regering het gehoop om meer oorsese belegging te lok en om uitvoere met sy GEAR beleid te vermeerder
  - Dit was gehoop dat Suid-Afrika meer kompetender kan wees in die globale ekonomie
  - Dit was verwag dat GEAR meer werk sou skep en ekonomiese groei vergemaklik
  - Dit was verwag dat GEAR meer geld sou maak om lewensomstandighede te verbeter en dienste aan gewone Suid-Afrikaners sou verskaf
  - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

- 3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- ANC
  - COSATU
  - SAKP (3 x 1) (3)
- 3.2.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit die visuele bron in Bron 3B – V2]*
- Dit wys op die implementering van GEAR
  - Thabo Mbeki word gesien as die dryfveer (in beheer) agter GEAR
  - Die ANC het eensydig die beleid van GEAR implementeer
  - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 3.3 *[Vergelyking en analise van bewyse in Bron 3A met 3B – V3]*
- Kandidate moet na beide bronne in hul antwoord verwys:**
- Beide bronne wys dat dit die ANC was wat hierdie ekonomiese beleide implementeer het
  - Beide bronne wys dat dit die ANC was wat GEAR implementeer het
  - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)
- 3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Om die tariewe op landbou en vervaardigde goedere te liberaliseer (vrye mark stelsel)
  - Om die tariewe op klere en tekstiele te liberaliseer (2 x 1) (2)
- 3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Fabriekes moes hul planne herstruktureer om hul bedryfskoste te verminder wat aanleiding gee tot werk besnoeiing
  - Vroue wat in die klere vervaardiging nywerhede in KwaZulu-Natal en Wes-Kaap gewerk het, was die ergste geraak as gevolg van werk besnoeiing
  - Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)
- 3.4.3 *[Vasstel van bruikbaarheid van Bron 3C – V3]*
- Bruikbaar tot 'n meerdere mate**
- Die bron is bruikbaar omdat dit die impak van die regering se neoliberale beleide op Suid-Afrikaanse werkers wys
  - Die bron is bruikbaar omdat dit wys hoe internasionale handel ooreenkomste bv. GATT klere en tekstiel nywerhede affekteer het
  - Die bron is bruikbaar omdat dit wys hoe tarief liberalisasie 'n negatiewe impak op die klere bedryf gehad het
  - Die bron is bruikbaar omdat dit wys hoe handel liberalisasie beleide klere fabriekswerkers in KwaZulu-Natal en Wes-Kaap affekteer het
  - Enige ander relevante antwoord

**OF**



**Bruikbaar tot 'n mindere mate**

- Die bron is nie bruikbaar nie omdat dit net op die negatiewe aspekte van die regering se handel liberalisering beleide wys
- Die bron is nie bruikbaar nie want dit weergee nie die regering se opinie vir handel liberalisering beleide nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- (a) 126 901 (1 x 1) (1)
- (b) 113 922 (1 x 1) (1)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Hierdie statistiek wys dat werkloosheid fluktueer
- Daar was geringe toename in werkverskaffing as gevolg van die African Growth and Opportunity Act
- Destabiliseer die klere nywerheid as gevolg van werk besnoeiing
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit die relevante Bronne - V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Die HOP was afgestel ten gunste van GEAR (Bron 3A)
- GEAR se beklemtoning was op die maak van wins en uitbuiting (Bron 3A)
- GEAR se beklemtoning was op die privatisering van publieke maatskappye (Bron 3A)
- Die beleid gee aanleiding tot 'n vermindering van regering besteding op sosiale programme (Bron 3A)
- Dit gee aanleiding tot die vermindering van tariewe wat tot die toemaak (fabrieke) in die klere bedryf (Bron 3C) lei
- Dit het 'n groot invloed op die werke van mense wat in die klere bedryf arbeid verrig (Bron 3C)
- KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap het aan die grootste werkverliese in klere nywerheid gely (Bron 3C)
- Werkverliese in die klere nywerheid val vanaf 126 906 in 1997 tot
- 113 922 in 2004 (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. <b>toon geen of min begrip van hoe die implementering van neoliberale ekonomiese beleide Suid-Afrika na 1996 beïnvloed het nie</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>PUNTE: 0–2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou 'n groot mate verband met die onderwerp bv. <b>toon begrip van hoe die implementering van neoliberale ekonomiese beleide Suid-Afrika na 1996 beïnvloed het nie</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.</li> </ul>	<b>PUNTE: 3–5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>toon 'n deeglike begrip van hoe die implementering van neoliberale ekonomiese beleide Suid-Afrika na 1996 beïnvloed het nie</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>PUNTE: 6–8</b>

(8)  
[50]

**AFDELING B: OPSTELVRAE****VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA**

*[Beplan, konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities die stelling evalueer. Deur met die stelling saam te stem moet kandidate verduidelik waarom PW Botha se poging om die stelsel van apartheid te hervorm 'n totale mislukking was. Hulle moet hul antwoord met relevante voorbeelde staaf.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul gedagterigting met verwysing na die stelling aandui.

**UITBREIDING**

- PW Botha se beleid van Totale Strategie/Totale Aanslag
- Hervormingsmaatreëls (1983 Grondwet, Drie Kamer Parlement 1984, 'Koorhof Wette')
- Massa optogte in swart Suid-Afrikaanse townships tussen 1984 en 1985 (Bv. Weg bly aksies georganiseer deur Vaal Civic Association, Verbruikers boikotte georganiseer deur Pebco in die Oos-Kaap)
- Protes optogte (bv. Langa township in die Oos-Kaap)
- Skool boikotte onder leiding hoofsaaklik deur COSAS-1983 en 1985 (Atteridgeville, Tembisa, Alexandra, Soweto, Wes-Kaap en Natal)
- Gemeenskappe begin met huur boikotte bv. Vaal Driehoek en Soweto in 1984
- Stigting en impak van COSATU in die werkers stryd
- COSATU begin met wegbly aksies, boikot, protes en stakings
- Wegbly Veldtog op Mei Dag 1986 (bv. NUM staking 1987)
- Verklaring van die noodtoestand - 1985 tot 1986 deur PW Botha
- Rol van die United Democratic Front (UDF)
- Verskyning van die Mass Democratic Movement in 1989 (Verset veldtog optogte teen segregasie wette in groot stede bv. Kaapstad, Durban en Johannesburg.)
- Die rol van Black Sash byvoorbeeld in burgerlike protes en bystand vir slagoffers van apartheid
- Teen die einde van die 1980's het duisende Suid-Afrikaners hul lewens verloor in hul stryd vir Vryheid (bv. dood in aanhouding, swart op swart geweld en vigilantisme)
- Stadig aan het die Suid-Afrikaanse regering besef dat verandering nodig was
- Apartheid was by 'n kruispad – land onregeerbaar
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting.

**[50]**

**VRAAG 5**

*[Beplan, konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet die stelling van Nelson Mandela evalueer en bespreek hoe sy siening die weg gebaan het vir onderhandeling tussen 1990 en 1994. Relevante voorbeelde moet gebruik word om hul gedagterigting te ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die stelling evalueer en aandui hoe die proses van onderhandeling en nie oorlog nie vanaf 1990 aanleiding gegee het tot die stigting van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994.

**UITBREIDING**

- Vrylating van Nelson Mandela in 1990 baan die weg vir 'n onderhandelbare ooreenkoms
- IVP val ANC ondersteuners in Maart 1990 in Sebokeng aan
- Groote Schuur Minuut in Mei 1990 - NP bevry politieke gevangenes
- Pretoria Minuut in Augustus 1990 - ANC kondig aan dat hulle die wapenstryd opskort en die regering stem in om die Noodtoestand op te hef
- KODESA 1 in Desember 1991 - 19 politieke partye teenwoordig uitsluitend die PAC en KP om te onderhandel vir 'n nuwe Grondwet vir Suid-Afrika
- ANC en NP stel voor die Verklaring van Voorneme in 1991
- Die 'Slegs wit'-referendum in Maart 1992 – gee aan De Klerk die goedkeuring om met onderhandelings voort te gaan
- KODESA 2 in Mei 1992 – SAUK sal 'n neutrale siening uitsaai, rollende massa aksie om die onderhandelingsproses te bespoedig
- Boipatong Slagting in Mei 1992 - IVP hostel bewoners val inwoners van Boipatong aan - 49 mense is gedood, gee aanleiding dat die ANC weg stap van die proses van onderhandeling.
- Bisho-slagting in September 1992 - Gqozo gee opdrag dat soldate op ANC lede skiet, 28 dood en 200 gewond
- Memorandum van Verstandhouding in September 1992 – geheime samesprekings tussen die ANC en NP – verbind hulself tot die onderhandelingsproses
- Sluipmoord op Chris Hani in April 1993 en die politieke implikasies
- Veelparty Onderhandelingsproses by Kempton Park – stel voor 'n RNE en 'n 'Sunset Clause' voorgestel deur Joe Slovo
- AWB bestorm die Wêreldhandelsentrum in Junie 1993
- St. James Slagting in Julie 1993 - APLA skiet - 11 dood en 58 gewond
- Tussentydse Grondwet in November 1993
- Shell House Slagting in Maart 1994 - IVP optog na die ANC hoofkwartiere - 8 mense dood en 250 beseer
- Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting.

**[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE**

*[Beplan, konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet wys tot watter mate Mikhail Gorbachev se hervormingsmaatreëls aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die Sowjetunie in 1992. Hulle moet relevante historiese bewyse gebruik om hul antwoord te staaf.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate Gorbachev se hervormings verantwoordelik was vir die ineenstorting van die Sowjetunie. Hulle moet 'n gedagte rigting volg en antwoorde met relevante bewyse ondersteun.

**UITBREIDING****Tot 'n groot mate**

- Toe Gorbachev leier word was die Sowjetunie in 'n krisis
- Het 'n land geërf wat beide interne en eksterne probleme in die gesig gestaar het
- Sowjet bronne was opgebruik deur die Koue Oorlog wapen en ruimte wedlope
- Die oorlog in Afghanistan verswak die Sowjet ekonomie, sy hulpbronne en moraal
- Gorbachev besluit om uit Afghanistan te onttrek omdat die Sowjetunie ekonomiese ineenstorting in die gesig gestaar het.
- Besluit om die kultuur van stilswye en sensuur te beëindig om betekenisvolle verandering in die Sowjetunie te bewerkstellig.
- Twee nuwe beleide ingestel: glasnost en perestroika
- Doel van perestroika was om na 'n markgerigte ekonomie te beweeg
- Glasnost waarborg vryheid van spraak en kritiek van die regering was nou aanvaarbaar.
- Hierdie hervormings het nie net bygedra tot die einde van die Koue Oorlog nie, maar ook tot die ineenstorting van die Sowjetunie
- Gorbachev se hervormings was minder populêr in die Sowjetunie
- Menige strukture stort in duie sonder staat ondersteuning
- Pryse, die lewenskoste, inflasie en buitelandse skuld het toegeneem
- Lewe vir die gewone burger het nie onder Gorbachev verbeter nie
- Die beheer wat die kommunistiese party oor die Sowjetunie gehad het, was besig om te verflou
- Gorbachev se beleid was begroet met verwarring en hy het in onguns geval
- Die Russe het ontevrede geword
- Glasnost gee aanleiding tot 'n groeiende aandrang vir groter onafhanklikheid van die Russiese republieke
- Dit gee aanleiding tot beroeringe in die Sowjetunie wat 'n groot invloed op Oos-Europa gehad het
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting.

**[50]**

**TOTAAL: 150**